

'n Ongemaklik erediens

Teks: Handeling 17: 1 - 9

Teksvers: Handeling 17: 6- 7

1. Inleiding

Jaar in en jaar uit het ons knus op hierdie kerkbanke gesit, terwyl die Dominee hier voor die woord van die Here bedien het. Natuurlik het ons gedink dit sal mos maar eenvoudig so voortgaan. Ja. eintlik het ons al 'n rukkie terug bekommerd begin raak oor die voortbestaan van ons eie gemeente. Want natuurlik is die hulpbronne al 'n paar jaar lank aan die wegwyn. Maar dat ons broers en susters sal moet afraai om die erediens te kom bywoon, dit het ons nooit verwag nie.

Tog as ons mooi nadink oor die woorde van Christus moet ons nie so verbaas wees, dat dit so moeilik is om kerk in hierdie wêreld te wees nie. In Matteus 26:31 haal Jesus, Sagaria 13:7 aan: ““Ek sal die herder doodmaak, en die skape van sy kudde sal uitmekaar gejaag word”. En soos wat Paulus self ook in ons teksgedeelte aan die mense van Thessalonika verkondig is die profesie vervul. Want in vers lees ons “Christus moes ly en uit die dood opstaan”

Maar kom ons beweeg eers bietjie terug. Wat is ideale omstandighede vir kerk en die erediens? En wat kan die kerk hier op aarde verwag? Veral wanneer sy besig is om onverdun die waarheid van die evangelie te verkondig. Kom ons ondersoek wat met Paulus-hulle midde hulle tweede sendingreis in Thessalonika gebeur het.

Miskien bring dit ook 'n verstaan van die moeilike omstandighede wat ons nou met ervaar as kerk van die Here? Tog is daar ook steeds troos en hoop, selfs in hierdie skynbare nederlaag wat die kerk van die Here in Handeling 17: 1 - 9, in Thessalonika lei. En daarom is daar natuurlik ook hoop vir ons as kerk van die Here vandag.

2. Ideale omstandighede

Wat sou ideale omstandighede vir die kerk van die Here, en dan veral ook vir die erediens vandag wees? Wel, iets hiervan word ook vir ons geopenbaar in ons teksgedeelte vandag. Paulus-hulle het die gewoonte gehad om op die sabbat na die sinagoge te gaan en uit die Skrifte onderrig te gee. 'n Gewoonte wat ons weet Jesus self ook gehad het. By Paulus-hulle is daar 'n behoefte. 'n Behoeftes aan gemeenskap met medegelowiges. En dit is iets wat ons ook hier onder ons raaksien. Na ons kennisgewing voor hierdie week, is plekke hier in die erediens ywerig en vinnig bespreek.

Maar die volgende deel is selfs nog belangriker. Ons wil nie maar sommer as medegelowiges, saam kuier en sosialiseer nie. Ons is bymekaar om stil te word voor die Woord van die Here. Soos Paulus-hulle en en die ander dissipels van ouds gedoen het, wil ons ook steeds vandag doen. Ons wil met mekaar praat oor die Skrif. Ons wil die Woord van die Here uittê en oordink, korporatief hier saam met mekaar midde die erediens.

Want soos Christus self gesê het, 'n Mens leef nie van brood alleen nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom. Daarom kom soek die ware gelowige lewe in die erediens. Lewe in die lyding en en opstanding uit die dood van ons Here Jesus Christus soos wat Paulus-hulle ook verkondig volgens vers 3.

Dit is dan ideale omstandighede vir die erediens, die kerk van die Here en eintlik die samelewing as 'n geheel. As alles wat ons dink en doen, gebou word op die vaste belydenis wat die poorte van die hel nie sal kan oorweldig nie. En daarom is daar ook in ons teksgedeelte party jode, griekes en selfs vooraanstaande vroue wat

begin lewe uit hierdie woorde wat Paulus-hulle verkondig het. Mense waarin die Heilige Gees die waarheid van die verlossende evangelie werk.

3. Teenstand teen Christus

Maar soos ons weet is dit nie alle mense wat hierdie verlossing in die woord van die evangelie ervaar nie. En afgesien van 'n groot groep mense wat soos vandag, sommer net apaties teenoor geloof en geestelike sake staan, is daar ook 'n vyandige groep. Daar is mense wat aggressief die verkondiging van die evangelie teenstaan. Met hierdie mense maak ons kennis in vers 5 van ons teksgedeelte.

En hierdie mense is nie vreemde mense nie. Ons leed dat die Jode afgunstig was. Paulus-hulle se volk, draai teen hulle. En dan sien ons iets wat ons baie herinner aan die manier waarop Christus ook hanteer is, in die evangelies. Nikswerd leeglêers word opgesweep tot betogings en oproer. 'n Metode wat nie vreemd vir ons vandag is nie, kyk bv. net bietjie wat het onlangs in die VSA gebeur. En dan praat ons nie eers van die situasie plaaslik nie.

Hoekom is hierdie werkswyse so effektief. Dit werk soos volg: Tessalonika was een van die sogenaamde vrystede in antieke Griekeland. Dit het beteken dat hulle toegelaat is om hulleself deur middel van 5 of 6 stadsowerhede te laat regeer. Juis die mense waarvoor Jason en die broers gebring is in vers 6. Maar die Romeinse owerheid het nie oproer geduld nie. En het die Jode baie goed geweet dat hierdie stadsowerhede sal doen wat moet gedoen word om hierdie vrystad status te behou.

Ons sien eintlik dit duidelik in die opbou van die aanklagte teen Jason en die broers. Eintlik is hulle eerste aanklag teen Paulus-hulle wat nie daar is nie. En dan volg hulle vinnig op met 'n aanklag teen Jason-hulle, dat hulle huisvesting aan hierdie moeilikheid makers verskaf het.

Maar die hartseerste is seker die laaste aanklag. Die kies van die Romeinse keiser bokant Jesus as koning. En dit is nie bloot 'n skeiding van kerk en staat saak hierdie nie. Romeinse keisers is werklik as gode aanbid. Ons hoor as 'n ware die refrien van Johannes 19:15 in die Jode se aanklag.

Die woorde: “¹⁵Maar hulle skreeu: “Vat hom weg! Vat hom weg! Kruisig hom!” Toe vra Pilatus vir hulle: “Moet ek julle koning kruisig?” Die priesterhoofde antwoord: “Ons het nie 'n koning nie; ons het net die keiser.”

Die teenstand teen Christus dryf mense soms tot werklike belaglike uiterstes. Ja soms is mense bereid om hulleself te eerder te vereenselwig met wrede plundersaars, solank dit net in opposisie is met die kerk van die Here.

4. Selfs ongelowige regeerders sien die waarheid

Tog genadiglik verval alles om ons nie in onmiddelijke anargie nie. Nee, daar is daarom nog 'n groot stuk algemene genade, wat daagliks aan die werk is. Ons sien dit in die feit dat selfs goddelose regeerders, so nou en dan die regte besluit neem. Dat selfs korrupte hopelose leiers, nie anders kan as om voor die waarheid te swig nie.

Dit is waar ons die laaste vers van ons teksgedeelte aantref. Hier sien ons hierdie groepie stadsowerhede, tog anders optree as Pilatus in Johannes. Hulle luister nugter na die Jason-hulle. En nadat hulle 'n onderneming ontvang het dat hierdie aanklagte van die Jode ongegrond is, word hulle vrygelaat.

Die skade in die kerk in Tessalonika is reeds aangerig, maar in genade kan Jason-hulle nou voortgaan met werksaamhede in die kerk. Ja Paulus-hulle mos vlug. Maar tog pluk ons later die vrug hiervan, in die briewe aan die gemeente

wat deel van die Bybel word. Openbarings en leerstellings wat steeds die kerk vandag opbou.

En dit is waar ons ook vandag is. Baie dankbaar dat ons vandag wel fisies hier bymekaar kan wees. Ja, dit is onder streng maatreëls wat ons uitlewing van die geloof ernstig aan bande lê. En natuurlik is daar risiko's in wat ons doen. Tog werk die Gees 'n ywer in ons hart om die Koning van Konings te kom verheerlik. Om, al is dit om 'n snaakse manier, iets van die gemeenskap van die gelowiges te kom ervaar.

Daarom kan ons nie anders as om dankbaar te wees vir hierdie stukkie algemene genade in die uitspraak van vlak 3 regulasies deur ons regering in Suid-Afrika nie. En dit is juis in hierdie dankbaarheid wat ons as gemeente ook hierdie geleentheid laat aangryp om wel 'n fisiese kontak erediens te kom hou.

5. Slot

Ten slotte keer ons terug na die vraag in die inleiding. Wat is die perfekte erediens tot eer en verheerliking van God alleen. En in ons sondigheid moet seker erken dat ons nooit 'n perfekte erediens tot eer en verheerliking van die Here alleen sal hê hier op aarde nie. Tog is alles nie hopeloos nie. Want God die Vader het ons so lief

gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gestuur het om te kom sterf vir al ons sondes.

Hierdie lyding en opstanding uit die dood gee juis aan die Nuwe Testamentiese erediens sy unieke karakter ook vandag nog. Die verkondiging van hoop in die evangelie. Die enigste Koning wat waarlik kan verlos. Tog sien ons ook duidelik in ons teksgedeelte dat hierdie verlossing nie beteken alles is sommer nou maklik nie. Nee, die ware kerk van die Here sal altyd in hierdie bedeling die wind van voor hê. Want daar is nog altyd die laaste stuiptrekkings van die duiwel. Wat steeds poog om gelowiges wat die evangelie verkondig stil te maak.

Tog moet ons die genade en geleentheid in hierdie beproewings raaksien. Soos ons reeds gesê het, sou ons dalk nie die brief aan die gemeente van Thessalonika gehad het, as die gebeure in ons teksgedeelte vandag nie plaasgevind het nie. Daarom is vandag beslis 'n rede waarom u met 'n gesigmaskertjie 1.5 m uitmekaar hier sit. Of selfs daar waar u van anderkant die YouTube, Klank of geskrewe kopie inskakel. Inskakel om deel te wees van die Gemeenskap van die gelowiges wat kerk hou tot eer en verheerliking van die Here alleen.

Amen